# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT

## BELEID : STUDIEHULP AAN AMPTENARE

## 1. WOORDOMSKRYWINGS

| | |
|---|---|
| GERIGTE KURSUS | 'n Kursus waarin elke semester/jaar suksesse tydens eksaminering behaal kan word ten opsigte waarvan beurse uitbetaalbaar is ingevolge die Studiebeursskema vir Amptenare. |
| NIE-GERIGTE KURSUS | 'n Kursus waarin nie deurlopende eksaminering plaasvind nie en waarvoor slegs by voltooiing van die kursus ingevolge die Studiebeursskema vir Amptenare beurse uitbetaalbaar is. |
| GOEDGEKEURDE LENINGSTYDPERK | GERIGTE KURSUSSE: Die eerste jaar van toelating tot die Studiebeursskema vir Amptenare, ongeag die akademiese vorderingsjaar.<br><br>NIE-GERIGTE KURSUSSE: Tydperk deur die betrokke opleidingsinstansie vir deeltydse voltooiing van die goedgekeurde kursus vasgestel voordat gelde ten opsigte van die verlenging van die kursus betaalbaar word. |
| GOEDGEKEURDE STUDIETYDPERK | Tydperk wat die betrokke opleidingsinstansie registrasie vir die kursus toelaat. |
| AMPTENAAR | Vir doeleindes van hierdie skema verwys AMPTENAAR na alle permanente Amptenare. |
| VERPLIGTE TERUGWERK-TERMYN | 'n Amptenaar werk elke voltooide studiejaar gelyklopend met die volgende studiejaar terug en moet dus vir 12 maande na die verwerwing van 'n kwalifikasie wat een jaar of langer duur in diens bly. Vir kwalifikasies wat korter as een jaar duur, moet die Amptenaar na voltooiing van die kursus vir die werklike studietydperk in diens bly. |

## 2. STUDIEBEURSSKEMA VIR AMPTENARE

Amptenare kwalifiseer op die volgende wyse en voorwaardes vir die betaling van studiebeurse:

***Goedkeuring van Kursus***

By aansoek om deelname aan die Studiebeursskema vir Amptenare ten opsigte van deeltydse kursusse geld die volgende:

2.1 Aansoeke op die vereiste aansoekvorm word deur die departementshoof, met inagneming van die toepaslikheid van die kursus in die diens van die Raad, die voldoening aan toelatingsvereistes deur die opleidingsinstansie gestel en die werkprestasie van die aansoeker, aan die Munisipale Bestuurder aanbeveel.

2.2 Goedkeuring vir toelating tot die Studiebeursskema vir Amptenare word deur die Munisipale Bestuurder en die Hoof Finansiële Beampte verleen, behalwe in die geval van nagraadse studie soos beskryf in 2.4.4 (b) ten opsigte waarvan vooraf goedkeuring verkry moet word van die Raad.

2.3 Goedkeuring vir deelname moet voor die kursus in aanvang neem, verkry word met inagneming van die volgende:

2.3.1 In geval van Amptenare wat nie vooraf goedkeuring gevra het nie, kan laat aansoeke op meriete deur die Munisipale Bestuurder en Hoof Finansiële Beampte oorweeg word aan die hand van die bepalings van paragrawe 2.1 en 2.2, mits sodanige aansoeke nie later as drie maande na aflegging van die laaste eksamen ingedien word nie.

***Toelaatbare Kursusse***

**2.4.1 Skool- of Gelykwaardige Kwalifikasies**

Skoolkwalifikasies asook bykomende skoolvakke wat deel van die sillabus van 'n betrokke graad vorm en bykomende vakleerlingvakke wat nie deel vorm van 'n vakleerlingkursus deur VOPO betaal nie, soos deur 'n skool, korrespondensie-, akademiese of tegniese kollege aangebied.

**2.4.2 Geleentheidstudies**

Nie-graad- sowel as nie-diplomavakke wat deel van 'n graad of diploma waarmee die Amptenaar besig is of reeds voltooi het, vorm, deur 'n universiteit, technikon, akademiese, korrespondensie of tegniese kollege aangebied.

**2.4.3 Voorgraadse Kursusse**

'n Graad, diploma, sertifikaat en oorbruggingskursus deur 'n universiteit, technikon, akademiese, korrespondensie of tegniese kollege aangebied asook 'n hoër diploma deur 'n technikon aangebied.

**2.4.4 Nagraadse Kursusse**

(a) 'n Honneursgraad, magistergraad en magistergraad wat nie deur 'n honneursgraad voorafgegaan word nie asook enige ander graad of nagraadse diploma wat 'n graad as voorvereiste het, deur 'n universiteit aangebied, asook 'n meestersdiploma en meestersgraad deur 'n technikon aangebied.

(b) Doktorsgrade deur 'n universiteit aangebied asook laureatusdiplomas en doktorsgrade deur 'n technikon aangebied.

2.5 Indien voormelde toelaatbare kursusse intern deur die Raad aangebied word, moet die Amptenaar eerstens vir toelating tot die interne kursus aansoek doen alvorens toelating by 'n eksterne opleidingsinstansie oorweeg sal word.

***Betaling van Beurse***

Beurse ten opsigte van goedgekeurde kursusse word soos volg betaal:

2.6.1 Uitbetaling sal slegs aan 'n Amptenaar gemaak word wat ten tye van die uitbetaling nog in diens is en nie reeds sy bedanking ingedien het nie.

2.6.2 Beursbetalings ten opsigte van nie-gerigte kursusse geskied sodra bewys van voltooiing van die kursus gelewer word.

2.6.3 Beursbetalings ten opsigte van gerigte kursusse geskied na 30 November van elke jaar sodra bewys van vaksuksesse voorgelê is, met dien verstande dat die beursbetalings slegs ten opsigte van die vakke geslaag in enige jaar sal geskied. (Suksesse met hereksamens wat na 1 Januarie behaal word, word beskou as suksesse van die vorige studiejaar.)

2.6.4 Beurse aan Amptenare wat gedurende 'n studiejaar tot die diens toetree en gerigte kursusse volg waarin suksesse behaal word terwyl hul in diens is, word op 'n pro rata-grondslag, gebaseer op hul dienstyd in die studiejaar, uitbetaal.

2.6.5 Amptenare wat by indienstrede reeds besig was met 'n nie-gerigte kursus kwalifiseer vir 'n pro rata-beursbetaling, soos volg bereken:

$$\frac{\text{Studietydperk terwyl in diens}}{\text{Werklike studietydperk}} \times \text{Beursbedrag}$$

2.6.6 'n Studiejaar word ten opsigte van betaling van beurse gereken as 'n/die betrokke kalenderjaar.

***Waarde van Beurse***

2.7 Die bedrae vir studiemateriaal, versekering, publiseerbare artikels en verhandelinge word jaarliks deur die Hoof Finansiële Beampte met die gemiddelde inflasiekoers van die voorafgaande kalenderjaar aangepas, aangesien die ander uitgawes werklike kostes is.

2.7.1 Skool- of gelykwaardige kwalifikasies; geleentheidstudies; voorgraadse kursusse asook nagraadse kursusse [paragraaf 2.4.4 (a)]

Ten opsigte van deeltydse kursusse soos in paragrawe 2.4.1; 2.4.2; 2.4.3 en 2.4.4 (a) uiteengesit, geld die volgende (waar van toepassing):

**Ten opsigte van gerigte kursusse:**

Werklike klas- en registrasiegelde asook eksamenregistrasie-gelde;

Vir enige graad of diploma aan 'n universiteit of technikon geslaag, studiemateriaal per semester- of jaarkursus soos in paragraaf 2.7 bepaal;

Vir enige diploma of sertifikaat aan 'n akademiese of tegniese kollege geslaag ten opsigte waarvan die betrokke opleidings-instansie skriftelik bevestig dat verpligte, voorgeskrewe studie-materiaal deur die student aangekoop moet word, studie-materiaal per semester- of jaarkursus soos in paragraaf 2.7 bepaal.

Publiseerbare artikel vir nagraadse kursusse [paragraaf 2.4.4 (a)] teen 'n bedrag soos in paragraaf 2.7 bepaal;

Skripsie/verhandeling vir nagraadse kursusse op meestersvlak teen 'n bedrag soos in paragraaf 2.7 bepaal;

**Ten opsigte van nie-gerigte kursusse:**

Werklike klas- en registrasiegelde asook eksamenregistrasie-gelde;

Publiseerbare artikel vir nagraadse kursusse [paragraaf 2.4.4 (a)] teen 'n bedrag soos in paragraaf 2.7 bepaal;

Skripsie/verhandeling vir nagraadse kursusse op meestersvlak teen 'n bedrag soos in paragraaf 2.7 bepaal.

**2.7.2 Nagraadse Kursusse [paragraaf 2.4.4 (b)]**

Werklike klas- en registrasiegelde;

Proefskrif/drukkoste/empiriese navorsing teen 'n bedrag soos in paragraaf 2.7 bepaal.

***Oorname van Bestaande Beurse***

2.8 Die oorname van studiebeurse van ander insstansies van voornemende Amptenare wat reeds hul studies voltooi of gedeeltelik voltooi het, word tot 'n maksimum bedrag deur die Raad bepaal, individueel op meriete oorweeg en deur die Munisipale Bestuurder en Hoof Finansiële Beampte ooreenkomstig die volgende riglyne goedgekeur:

2.8.1 Oorname van 'n bestaande beurs word by vooraf skriftelike aansoek, aanbeveel deur die betrokke departementshoof met inagneming van die bruikbaarheid van die kwalifikasie in die diens, en met die goedkeuring van die bestaande borge, oorweeg.

2.8.2 Die oorname van 'n beurs is onderhewig aan die sluit van 'n kontrak met die Amptenaar om een jaar vir elke jaar van studie of gedeelte daarvan in die diens aan te bly, met ingang van die eerste dag van die maand volgende die datum van die Amptenaar se aansoek by gebreke waarvan die beursbedrag pro rata terugbetaalbaar is en rente op die saldo ingevolge die bepalings van artikel 97 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (No 32 van 2000).

***Werknemerverpligtinge***

2.9 Indien Amptenare wat in die beursskema gedeel het die Raad se diens verlaat voordat die verpligte terugwerktermyn verstryk het, moet die Amptenaar pro rata 'n bedrag aan die Raad ten opsigte van beursgelde vir studie in die voorafgaande studiejaar, in ooreenstemming met die

bepalings van paragrawe 2.7.1 en 2.7.2 met diensbeëindiging terugbetaal.

2.9.1 In uitsonderlike gevalle (met verwysing na paragraaf 2.9) kan die Stadstesourier tot hoogstens 6 maande uitstel verleen en word rente gehef ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (No 8 van 1962).

2.10 Waar 'n Amptenaar wat studiebeursgeld ingevolge die bepalings van die Studiebeursskema vir Amptenare ontvang het sy diens by die Raad voor voltooiing van die goedgekeurde kursus beëindig, word 'n pro rata-bedrag soos in paragraaf 2.9 uiteengesit by diensbeëindiging terugbetaalbaar.

2.11 'n Amptenaar begin studieverpligtinge terugwerk op die eerste dag van die maand volgende op die datum waarop die opleidingsinstansie die kursus as voltooid sertifiseer/die laaste eksamen van iedere akademiese jaar suksesvol afgelê is, watter een van toepassing is.

## 3. SPESIALE VERLOF

***Voltydse Lesings***

3.1 Ten opsigte van verpligte voltydse lesings ten verwerwing van 'n kursus goedgekeur ingevolge die Studiehulpskema vir Amptenare word spesiale verlof onderhewig aan die volgende bepalings toegestaan:

3.1.1 Die goedgekeurde kursus moet nie deur 'n plaaslike tersiêre instelling aangebied word nie;

3.1.2 Vir elke sestien uur (twee dae) afwesigheid word agt uur (een dag) as spesiale verlof toegestaan tot 'n maksimum van 20 dae spesiale verlof vir kursusse waarvan die duur deur die opleidingsinstansie op meer as een jaar vasgestel is, en 10 dae spesiale verlof ten opsigte van kursusse met 'n vasgestelde duur van minder as een jaar.

3.1.3 Amptenare sluit die toepaslike ooreenkoms ingevolge die diensvoorwaardes met die Raad om vir die tydperke van spesiale verlof in diens van die Raad te bly en die betrokke tydperk is addisioneel tot enige ander verpligtinge rondom die terugwerk van beursgelde wat op die Amptenaar van toepassing mag wees.

***Verlof vir Navorsing***

3.2 'n Maksimum van 10 dae spesiale verlof vir navorsingsdoeleindes word aan 'n Amptenaar wat vir 'n nagraadse kursus soos beskryf in paragraaf 2.4.4 (b) asook 'n meestersgraad of –diploma toegelaat is, toegestaan.

3.2.1 Waar 'n Amptenaar by indienstrede reeds besig wat met nagraadse studie soos beskryf in paragraaf 3.2 word die spesiale verloftydperk soos volg verminder:

$$\frac{\text{Studietydperk in diens}}{\text{Werklike studietydperk}} \times 10 \text{ dae}$$

***Klasse in Werkure***

3.3 Die goedkeuring van kursusse aan plaaslike opleidingsinstansies wat verpligte klasbywoning gedurende werkure vereis, word slegs oorweeg en goedgekeur ingevolge die bepalings soos vervat in die Raad se Beleidsdokument.